**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 110**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

   AFDELING A: BEGRIPSTOETS [30]

   AFDELING B: TAAL [80]

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

**STERKTE!**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**DIE KRIEKETTOER**



Die seuns is baie opgewonde. Andrew se span gaan op ‘n kriekettoer. Hulle gaan teen skole in Johannesburg krieket speel. Die span gaan per trein Johannesburg toe. Hulle pak baie kos en lekkergoed in om op die rit te eet. Hulle neem toebroodjies, pasteie, lekkers, koekies en biltong saam.

Almal het baie bagasie. Die seuns se krieketsakke met hulle kolwe en beenskerms is baie groot. Hulle moet ook genoeg krieketklere saamneem sodat hulle altyd skoon en netjies is wanneer hulle teen die ander skole speel.

Hulle vertrek Vrydagoggend en kom vroeg Saterdagoggend in Johannesburg aan. Hulle ry met ‘n bus na Saamwerk Laerskool toe. Die skool het ‘n koshuis en hulle gaan Saterdagaand in die koshuis slaap. Die koshuis is die naweek nie baie vol nie, omdat die meeste van die seuns vir die naweek huis toe is.

By die koshuis eet hulle gou hulle ontbyt en vertrek na die skoolvelde waar hulle om tienuur begin om die eerste wedstryd te speel. Andrew se span kolf eerste en hulle teken twee-honderd-en-tagtig lopies aan. Saamwerk se span is almal uit vir eenhonderd ses-en-vyftig lopies. Andries is baie bly. Hy het vandag vier paaltjies geneem. Die seuns voel tevrede met hulle oorwinning.

Vanaand word ‘n fliek by die koshuis gewys, maar die seuns is baie moeg en gaan slaap sommer dadelik nadat hulle gebad en geëet het. Daar lê nog vier harde wedstryde voor.

1.1 Watter **sin** sê vir jou dat die krieketspan baie bly is om op die toer te gaan? [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Andrew se skool gaan Johannesburg toe om

A. sokker te speel.
B. krieket te gaan kyk.
C. krieket te gaan speel.
D. rugby en krieket te speel. [1]

1.3 Noem een southappie wat hulle saamgeneem het om op pad te eet. [1]

1.4 Waarom sal die krieketspan altyd skoon en netjies wees?
Haal **6 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.5 Wat is die naam van die skool teen wie hulle gaan speel?
Skryf net **2 woorde** as antwoord neer. [1]

1.6 Hoe weet ons dat Andrew se krieketspan ongeveer een dag gereis het na Johannesburg?
Haal **'n sin** as antwoord aan. [1]

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wat is die doel van die beenskerms in hulle krieketsakke?

A. Dit help die bene om vinniger te hardloop.
B. Dit laat die kolwer die bal verder gooi.
C. Dit wys ons wie die kaptein van die span is.
D. Dit beskerm die spelers se bene teen die bal. [1]

1.8 Watter vervoer gebruik die span om hulle tot by die koshuis te neem? [1]

1.9 Hoe laat het die toernooi begin?
Skryf **2 woorde** as antwoord neer. [1]

1.10 Wat noem ons die "punte" in krieket?
Skryf **een woord** as antwoord neer. [1]

1.11 Het Andrew se span die eerste wedstryd gewen? Sê JA of NEE en haal **een woord** as motivering aan. [2]


1.12 Hoeveel wedstryde speel Andrew se krietetspan in totaal? [1]

**[13]**

**TEKS B : KOERANTARTIKELS**

Lees die volgende kort artikels oor sport en beantwoord die vrae.

## Gholf



**Watson (66) roep halt**

Augusta (VSA) – Tom Watson, een van gholf se grootste spelers, het Vrydag sy uittrede aangekondig. Die 66-jarige Amerikaner, wat agt majors gewen het, is nie vir vanjaar se Meesterstoernooi gekies nie.

## MOTORSPORT




**Croizon mik na Dakar**

Rouillé (Frankryk) – Philippe Croizon, die eerste man sonder arms óf bene wat oor die Engelse kanaal kon swem, het 'n nuwe uitdaging – om aan die Dakar-tydren deel te neem. Hy is sedert 1994 in 'n rolstoel en sal sy stompies gebruik om te bestuur.

1.13 In watter sportsoort sal jy 'n gholfstok gebruik? [1]

1.14 Wie is Tom Watson? Haal 'n frase van **6 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.15 Van watter land kom Philippe Croizon? Skryf net die land se naam as antwoord neer. [1]

1.16 Watter swemprestasie het Croizon behaal? Haal **13 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.17 Aan watter tydren wil Croizon deelneem? Skryf **een woord** as antwoord neer. [1]

**(5)**

**TEKS C – GRAFIEK VAN GEWILDE SPORTSOORTE IN 2011**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1.18 Watter sportsoort is, volgens die grafiek, die gewildste? [1]

1.19 Watter sportsoort is, volgends die grafiek, die tweede gewildste? [1]

1.20 Noem die sportsoort op die grafiek waar jy 'n drie moet aanteken wat 5 punte tel. [1]

1.21 Watter sportsoort op die grafiek gebruik 'n kolf op die veld? [1]

**(4)**

**TEKS D - RESEP**

Lees die onderstaande resep en beantwoord die vrae.

1.22 Hoeveel mense kan van hierdie pizza eet? [1]

1.23 Haal EEN woord aan wat vir jou sê dat die brooddeeg nie by die huis gemaak is nie. [1]

1.24.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Jy het 2 koppies tamatiepasta vir die resep nodig. [1]

1.24.2 Motiveer jou antwoord deur aan te haal. [1]

1.25 Noem EEN van die twee tipes kaas wat vir die resep gebruik word. [1]

1.26 In hoeveel stukke word elke kersie-tamatie gesny? [1]

1.27 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

Wat moet op die werksoppervlak gestrooi word voordat die deeg uitgerol word?

A. Deeg.
B. Meelbestrooide.
C. Meel.
D. Sous en blare. [1]

1.28 Watter blare moet oor die pizza gesprinkel word? [1]
**(8)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: (30)**

## AFDELING B – TAAL

### VRAAG 2

Die volgende taalvrae is op hierdie prent gebaseer.



SINSTRUKTURE:

2.1 Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORDORDE neer.

2.1.1 Die kinders (elke dag, oefen, sport, op die skoolveld) [1]

2.1.2  Sokkerspelers (die doelhokke, gister, gebreek,het) [1]
2.1.3  My broer ( vir die skool, sal, rugby, volgende week, speel). [1]

2.2  Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD oor.

2.2.1  Sport is die rede waarom ek in die oggend opstaan. [2]
2.2.2  Die sokkerspelers wil al hulle wedstryde wen. [2]
2.2.3  Die netbalmeisies hardloop en spring op die groen veld. [2]
2.2.4  Almal hou van die aantreklike afsitter. [2]
2.2.5  Die afrigter het 'n fluitjie in sy hand. [2]
2.2.6. Die kinders betaal R10 vir die buskaartjie. [2]

2.3  Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD oor.

2.3.1  Alle rugbyspelers oefen elke dag in die gimnasium. [2]
2.3.2  Die ma is baie trots op haar seun se kriekettelling. [2]
2.3.3  Alex het sy klere in die sportsak. [2]



2.4  Skryf die volgende sinne in die ONTKENNING oor.

2.4.1  Meisies is beter skaatsers as seuns. [2]
2.4.2  Sarie en Jammie is nog in die see. [2]
2.4.3  Die seuns oefen altyd op die sportveld. [2]
2.4.4  Die seuns het al die wedstryd gewen. [2]

2.5  Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen die hakies.

2.5.1  Sally is 'n goeie netbalspeler.  Sy is nie in die eerste span nie.  [dog] [1]
2.5.2  Die kinders speel eers in die branders.  Hulle eet hulle toebroodjies. [voordat] [1]
2.5.3  Die meisie ry haar skaatsplank.  Sy is baie opgewonde.  [daarom] [1]
2.5.4  Sportmense moet altyd sonblok gebruik.  Hulle kan velkanker kry.  [anders] [1]

2.6 Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM neer.

2.6.1 Die mense koop rugbykaartjies by die hekke. [2]
2.6.2 Jamie het al die span se punte aangeteken. [2]
2.6.3 Die mans sal visse vang. [2]
2.6.4 Die rugbyspan drink mengeldrankies.. [2]

2.7 Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE oor.

2.7.1 Die seun sê: “Die seewater is heerlik koel.” [2]
2.7.2 Die afrigter sê: “My span oefen elke oggend.” [2]
2.7.3 Lilly vra: “Het die fluitjie geblaas?” [2]
2.7.4 Die speler vra: “Is die wedstryd klaar?” [2]





WOORDSTRUKTURE

2.8 Gee die MEERVOUDSVORM van die woorde tussen die hakies.
Skryf net die antwoord neer.

2.8.1 Al die (branderplank) is blou. [1]
2.8.2 Hulle gaan vir drie (naweek) see toe. [1]
2.8.3 Al die (skool) neem deel aan die toernooi. [1]
2.8.4 Die rugbyspeler oefen al die (dag) van die week. [1]

2.9 Gee die VERKLEINING van die woorde tussen die hakies.
Skryf net die antwoord neer.

2.9.1 Daardie speler se klein (skoen) is te oulik. [1]
2.9.2 Die klein (hand) van die wyser is op die ses. [1]
2.9.3 Die klein (blom) is baie spesiaal. [1]
2.9.4 My babasussie maak haar een klein (oog) toe vir die skerp lig. [1]

2.10 Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen die hakies.
Skryf net die antwoord neer.

2.10.1 Die rugbybal is (baie glad) in die nat weer. [1]
2.10.2 Daardie kaartjies is (baie goedkoop)! [1]
2.10.3 Ek is (baie verlief) op die aantreklike tennisspeler. [1]
2.10.4 Ek is (baie bang) vir die groot bokser. [1]

2.11 Skryf die regte VOORNAAMWOORD neer.

Skryf net die antwoord neer.

2.11.1 Ma sê dat …..seun 'n goeie krieketspeler is. [1]
2.11.2 Ons hou van ……afrigter. [1]
2.11.3 Die meisie trek ….trui aan. [1]

2.12 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte VRAAGWOORD neer te skryf. Skryf net die nommer en die antwoord neer.
Die antwoorde word gegee om jou te help.

2.12.1 ………. oefen julle so baie? Om fiks te te word. [1]
2.12.2 ………..skryf die mense die punte neer? Met blou penne. [1]
2.12.3 ………. hardloop so vinnig? My broer [1]
2.12.4 ………..sit die man? Op 'n stoel [1]

2.13 Voltooi die volgende VERGELYKINGS.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

2.13.1 Daardie atleet het geld soos … [1]
2.13.2 Die vorige kampioen is nou so oud soos die… [1]
2.13.3 Die rubyveld is so hard soos 'n ... [1]

2.14 Gebruik die woorde in die kolom om die volgende sinne te voltooi.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| branderplank | raket | doelpale | doelhok |
| skaatsplank | stok | kolf | ys |

2.14.1 Die tennisspeler speel tennis met 'n …….. en 'n tennisbal. [1]
2.14.2 In rugby druk jy 'n drie onder die … [1]
2.14.3 Die meisie skaats op haar…… [1]

2.15 Gee die korrekte AFKORTINGS van die woorde tussen hakies.
Skryf net die antwoord neer.

2.15.1 Hy kom van die (Verenigde State van Amerika). [1]
2.15.2 Ek is die (kaptein) van my span. [1]
2.15.3 Wat gaan jy (in plaas van) rugby speel? [1]

2.16 Kyk na die volgende prentjie en vul dan die korrekte VOORSETSELS in.



2.16.1 Die seuns speel…… die bal. [1]
2.16.2 Die wedstryd begin …… tienuur. [1]
2.16.3 Mark skop die bal….. Jamie. [1]

**[80]**

**SOMTOTAAL: 110**